2 Februarie 2010

PERSVERKLARING UITGEREIK DEUR DR GERT DRY,
PRESIDENT VAN WILDBEDRYF SUID-AFRIKA (WRSA)

WRSA steun hofbevel oor invoer van swartwitpense

"Wildbedryf Suid-Afrika (WRSA) het 'n onaanvegbare verantwoordelikheid om die volhoubare gebruik van wildlewe in Suid-Afrika te beskerm, en ook om die wild- en rooivleisbedryf teen uitheemse siektes te beskerm," sê dr Gert Dry, president van WRSA. "WRSA steun die invoer van gehoefde diere, mits dit op 'n verantwoordelike wyse gedoen word om te verseker dat die belange van vee- en wildboere en die langtermyn volhoubaarheid van beide bedrywe, beskerm word. Dit is dus noodsaaklik dat die korrekte protokolle in plek moet wees om plaaslike bedrywe en die Suid-Afrikaanse bevolking te beskerm."

WRSA steun die hofbevel wat op 29 Januarie 2010 uitgereik is en ingevolge waarvan die minister van landbou, bosbou en visserye verbied word om permitte uit te reik vir die invoer van swartwitpense uit Zambië, totdat sy die vereiste risiko-analise gedoen het, haar voorgestelde beleid gepubliseer het, kommentaar deur belanghebbende partye daarop in ag geneem het en eers daarna haar besluit oor die invoer van Zambiese swartwitpense publiseer. Die saak is deur die Rooivleisbedryfsforum (RMIF) voor die hof gebring.

"WRSA is beskikbaar om die departement van landbou, bosbou en visserye van hulp te wees met die ontwikkeling van die vereiste protokolle, risiko-analise en beleid soos deur die hof beveel, sou die departement sodanige ondersteuning versoek. WRSA sal natuurlik ook ten volle deelneem aan die vereiste openbare deelnameproses," het dr Dry gesê.

Die RMIF-saak voor die hof, behels dat die RMIF in beginsel nie gekant is teen die invoer van Zambiese swartwitpense of enige ander gehoefde diere uit Zambië nie. Die vraag is egter of enige gehoefde diere uit Zambië ingevoer mag word en wat die voorwaardes vir die invoerpermitte moet wees indien invoere toelaatbaar is. Dit kan net bepaal word nadat die nodige prosesse gevolg is. Dit is noodsaaklik voordat enige drastiese veranderinge aan die beleid gemaak kan word. Die RMIF was van mening dat dié proses nie na behore gevolg is nie.

Vir nadere inligting, kontak die WRSA-hoofkantoor by tel 012 335 6994.

Einde